
# Wenke oor die gebruik van selfone en tablette mbt gestroomde dienste, die webwerf, ens.

Die bekende raad lui dat as iets nie wil werk nie, gaan lees wat sê die handleiding. As dit nog nie werk nie, maak soos jou vrou jou heel aan die begin gesê het om te doen. Met sosiale media is die raad uitgebrei na 'vra jou kleinkind'. Die paar wenke hieronder is vir baie persone ou nuus, maar vir die wat nie 'n kleinkind naby het nie, kan dit moontlik van waarde wees. Die groot aantal navrae en persone wat sê hul sukkel wys die behoefte aan hulp is wesenlik.

## 1. Die horisontale- en vertikale-formaat van selfone en tablette

| | |
|---|---|
|  | Die vertikale-formaat is wanneer bv. die selfoon **'regop'** gehou word. ***Dit is nie die optimale manier om te kyk nie*** want die beeld is baie klein en die grootste deel van die skerm word deur o.a. advertensies oorheers. |
|  | Wanneer die selfoon **'dwars'** gehou word, is die beeld feitlik volskerm. Dit gee 'n baie groter beeld en vergemaklik die lees van o.a. die woorde van die liedere. Slegs die beeld word vertoon en nie al die ander steurende items nie. Indien die beeld op u selfoon of tablet nie wil 'dwars draai' nie, vra iemand om u te help om net u selfoon se verstellings ("settings") te verstel. |

## 2. Die YouTube-skakel wat op die WhatsApp-groep geplaas word

<table>
<tr>
<td>
</td>
<td>Ongeveer 15 minute voor die stroom begin is ‘kontak’ met YouTube bewerkstellig en word die skakel, o.a., op die WhatsApp-groep geplaas. Hier is twee aspekte wat heelwat probleme veroorsaak:</td>
</tr>
<tr>
<td>a) Solank as wat die ‘lewendige’-stroom aan die gang is, vertoon daar ‘n wit driehoek in die boodskap (post). Indien op hierdie driehoek geklik word, word daar by die stroom op daardie huidige tydstip aangesluit. Indien u dus, bv., ‘n bietjie laat by die stroom aansluit en u kies hierdie opsie, is dit nie moontlik om na die begin van die diens terug te skuif nie.</td>
<td>b) Indien u egter op die skakel onder aan die boodskap klik, dan gaan u na die opname van die diens, al het die diens nog nie geëindig nie. Hier kan u dus, met behulp van die ‘tydskuiwer’, die diens van die begin af kyk. Die oomblik wanneer die ‘lewendige’-stroom eindig, verdwyn die wit driehoek. Dan kan u op enige plek van die boodskap klik en dit sal u na die opname neem.</td>
</tr>
</table>

## 3. Die skakel na YouTube wat op die webwerf geplaas word

<table>
<tr>
<td>
</td>
<td>Die YouTube-skakel word ook op die Gemeente se webwerf, op die Tuisblad, vertoon. Op ‘n selfoon en tablet is dit ook die eerste onderafdeling van die webwerf wat vertoon word. U het dus nie nodig om daarna te soek nie. Hier is dit baie belangrik om daarop te let dat die ‘knoppie’ van die skakel op Vrydag al geskep word. Die skakel is egter nog nie aktief nie. Net soos die boodskap op die WhatsApp-blad is dit eers ongeveer 15 minute voor die diens aktief. Hierdie skakel is dieselfde as dié een onderaan die WhatsApp-boodskap. Dit neem u dus na die opname van die diens en u kan dit dus enige tyd kyk.</td>
</tr>
</table>

## 4. Afrikaanse onderskrifte in die YouTube-opname

‘n Nuwe ontwikkeling is dat YouTube nou outomaties KI (“AI”) gegenereerde Afrikaanse onderskrifte, tydens die kyk van die opnames, verskaf. Hierdie geld ook vir ‘ouer’ opnames wat nog op die Gemeente se YouTube-blad is.

Vir gehoorgestremde persone, en ook bv. persone wat ‘n kamer in ‘n siekeboeg met ander persone moet deel, is dit ‘n hulpmiddel van bykans onskatbare waarde. Soos dit tans werk, word dit al baie positief deur gehoorgestremde persone ervaar, en daar kan verwag word dat die kwaliteit en akkuraatheid gewis sal verbeter.

| | |
|---|---|
|  | Soos u in die skermgreep kan sien, is die Afrikaans nog nie perfek nie. |

Die keuse om wel die onderskrifte te sien, kan aan- en afgeskakel word:

| | |
|---|---|
|  | Indien u die pyltjie van die muis, of met u vinger op die selfoon, binne in die beeld klik, verskyn daar vier keuses regs onder in die beeld. Die keuse, wat tweede van links is, is die ‘Subtitles/Closed captions’-opsie. Deur daarop te klik/druk word die onderskrifte aan- of afgeskakel. |